

Om te bid

1.

Om te bid

As ons die woord 'bid' uit die Skrifte wil uithaal kom jy op verskeie name en begrippe rondom bid uit. Hier is slegs drie nl.: 374 keer **H4994** נָא *nâ' naw* wat "ek bid" deurgee en 82 keer **H6419** פָּלַל *pālal paw-lal'*. 82 keer **G4336** προσεύχομαι *proseuchomai pros-yoo'-khom-ahee* wat ook 'ek bid' deurgee.

Bo en behalwe die verwysings bo is daar nog baie ander verwysings rondom bid. Om te kan bid word die gebed gekoppel aan kommunikasie en omstandigheid. Bid beteken: buig, neer te buig, uit te reik, opreg te gee, om te ontvang of voort te bring.

Voordat ons verder gaan moet ons vra, maar mag ons tot VADER bid ? As ons na die tydperk voor YAHUSHA kyk dan sien ons dat slegs die Priester, Profeet of Leviet die gebede gedoen het vir die volk. Hulle gebed het gepaard gegaan met "n offer. Daar was die 'Dank' , 'Slag' en 'Brand 'offers wat op gedeel is in verskeie redes nl.: (a) Dank, Lofdank en Gedenk; (b) Sond(oortreding) en Skuld (c) Beweeg, Paas(verbygaande), Vuur (d) Wyding, Hef, Spys, Môre spys en Fees offers. Dit was die dier, wyn en graan opbrengs van alle oeste en so ook reukwerk soos wierook ens. Dus was gebed gekoppel aan "n eerbare fees en offergawe. Indien dit reg gedoen was, was dit "n lieflike geur vir VADER, maar as dit on respekvol (verkeerdelik) gedoen was, het VADER dit gehaat.

Soos genoem het die Leviete ingetree vir die volk. Netjies het hulle aangetrek en ordelik moes hulle voor VADER verskyn sodat die gebed aanvaar kon word. Wat ook belangrik was (om te weet) is dat VADER altyd iets verwag van die volk as offer sodat hulle nie met leë hande voor HOM verskyn nie (Deut.16:16).

Soos ons weet het die orde gestop die dag toe ons as volk "n geskeide vrou geword het (Jes.50:1). Ek wil amper sê dat na die skeibrief het die profete en priester slegs ingetree met opdrag van VADER en nie die volk nie (Jer.7:16; 11:14; 14:11). Daar het séer sekerlik baie gebede opgegaan tot VADER, maar hulle is nie toegestaan (*verhoor*) nie (*VADER het gehoor, maar die skeiding was daar en daarbenewens sou HY hulle nie help nie*).

Ons lees ook dat die profete geprofeteer het tot op Johannes die dooper en dus het hulle telkemaal ingetree tot VADER vir die volk "ek wil amper sê dat hulle net verslag gelewer het namens die volk" (Matt.11:13).

Na Johannes die dooper het ons Koning ('*dié Seun van VADER*') ingetree vir die volk. Baie het gebede uitgeroep tot VADER (*voor en na ons Koning*) soos in die dae toe die volk in Egipte was, maar nie verhoor was weens hulle en hul voorvaderlike oortredinge nie. Ons moet wel weet dat VADER hulle gekerm aangehoor het as volk en daarom SY Seun tot redding vir die volk.

Nou op hierdie tyds vlak waar YAHUSHA Sy verskyning gedoen het, het Hy die dissipels / volk geleer bid (Matt.6:9-13) en dit ook duidelik gestel dat niemand tot VADER kan bid as dit nie deur Hom gaan nie(*Joh. 14:6 Jesus YAHUSHA antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die VADER behalwe deur My nie*). Baie maak die fout om tot YAHUSHA te bid en verwag dat Hy jou gebed na die VADER sal vat. Ander weer dink dat as jy tot VADER bid is dit reg , want VADER is mos die Seun ook! Hulle begin mos bid tot VADER en sluit dan hulle gebed "in die naam van die Seun". Luister mooi na die vers gedeelte: "*Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die VADER behalwe deur My nie*"

Hier is "n vergelyking om die vers gedeelte te verduidelik:

"n Slim en hooggeleerde man roep "n vergadering saam in "n baie groot arena wat so 50 duisend plus mense kan akkommodeer. Hy laat vir hom "n verhoog oprig sodat die gehoor hom duidelik kan sien met addisionele groot oorhoofse TV-skerms. Hy het "n mikrofoon wat duidelik oor groot luidsprekers praat dat die hele gehoor hom kan hoor. Tydens die vergadering het hy "n tydperk ingewerk sodat die gehoor vrae aan hom kan rug sodat hy hulle persoonlik kon antwoord.

Nou hoe gedaan? Hulle as die gehoor kon nie gehoor word as hulle van hulle sitplekke die vrae sou vra nie, want die arena is te groot. Hy moes dus tussen die gehoor mense aangestel het met addisionele luidsprekers soos syne op die verhoog wat ook oor die luidsprekers hulle stemklank kon deurgee. Dus was die "mikrofoon" baie belangrik om met die man op die verhoog te kon kommunikeer.

Nou VADER is die "MAN" wat SY volk bymekaarroep en met hulle spreek uit die hemele. Die uitverkore volk luister aandagtig na HOM, maar kan nie met HOM kommunikeer (bid) weens hulle onkunde (soos die dissipels) nie. YAHUSHA "die Seun van VADER" is ook daar tydens die vergadering om orde daar te verseker.

(Ex. 3:2 Daarop verskyn die Engel (YAHUSHA) van die ~~HERE~~ VADER...

Ex. 14:19 En die Engel (YAHUSHA) van ~~Goet~~ VADER wat voor die leër van Israel uit getrek het, het daar weggegaan en agter hulle aan getrek. .. Ex. 23:20 Kyk, EK stuur 'n Engel (YAHUSHA) voor jou uit om jou op die pad te bewaar en om jou na die plek te bring wat EK gereedgemaak het. Ex. 23:23 Want MY Engel (YAHUSHA) sal voor jou uit gaan ...)

YAHUSHA het met die voorbereiding (Joh.. 19:30) van die vergadering reeds Sy boodskappers (engele) opdrag gegee om tussen die volk te wees sodat kommunikasie met VADER moontlik kan wees.

(Matt. 13:41 die Seun van die mens sal Sy engele uitstuur, .. Matt. 16:27 Want die Seun van die mens staan gereed om met Sy engele in die heerlikheid lofwaardigheid van Sy VADER te kom, ...)

Dus die wat bid uit die vergadering moet "n engel (luidspreker) hê wat hom kan verteenwoordig by VADER.

(Mat 18:10 Pas op dat julle nie een van hierdie kleintjies (jongelinge) verag nie; want Ek sê vir julle dat hulle engele (boodskapper) in die hemele altyd die aangesig sien van My VADER wat in die hemele is).

Wat verstaan moet word is dat dit nie net jou stem is wat verteenwoordig word nie, maar jy as persoon (groep). M.a.w. jy moet jouself besef dat jy voor VADER verskyn met "n engel van YAHUSHA langsaan jou, en dat jy voor die offer "Lam" daar staan:

Open. 5:12 ...: Die Lam wat geslag is...Matt. 22:44 ...: Sit aan MY regterhand totdat EK U vyande gemaak het 'n voetbank van U voete? 26:64 .. Maar Ek sê vir u almal: Van nou af sal u die Seun van die mens sien sit aan die regterhand van die krag van ~~God~~ VADER Open.7: 9 ...: ~~Heil~~ Redding aan onse ~~God~~ VADER wat op die troon sit, en aan die Lam! 7:11 En al die engele het rondom die troon en die ouderlinge en die vier lewende wesens gestaan, en hulle het voor die troon op hulle aangesig neergeval en ~~God~~ VADER aanbid en gesê: 7:12 Amein! Die lof en die ~~heerlikheid~~ Lofwaardigheid en die wysheid en die danksegging en die eer en die krag en die sterkte aan onse ~~God~~ VADER tot in alle ewigheid! Amein. Joh. 1:29 Die volgende dag sien Johannes ~~Jesus~~ YAHUSHA na hom toe kom, en hy sê: ~~Dáár~~ is die Lam van ~~God~~ VADER wat die ~~sonde~~ oortredinge van die wêreld wegneem! Joh. 1:36 en toe hy ~~Jesus~~ YAHUSHA sien wandel, sê hy: ~~Dáár~~ is die Lam van ~~God~~ VADER!

Nou met besef weet jy dat YAHUSHA ons Losser, Lam en Offer is wat langsaan VADER sit. Hy het jou reeds aangehoor en toegelaat dat die engel van Hom jou tot VADER mag vat (Jy moet kan glo en vertrou soos die soldaat Matt.8: 5-13 waar YAHUSHA erken dat die man "n sterk geloof gehad het).

Net tot waarskuwing. In Matt. 22:12: Staan: *Vriend, hoe het jy hier ingekom sonder "n bruilofskleed aan? Jud. 1:4 Want sekere mense het ingesluip wat lank tevore al opgeskryf is vir hierdie oordeel, ~~goddelose~~ bose mense wat die ~~genade~~ guns van onse ~~God~~ Skepper verander in ongebondenheid, en die enigste Heerser, ~~God~~ SKEPPER(VADER), en onse ~~Here~~ ~~Jesus~~ Christus Meester YAHUSHA dié Gesalfde verloën.*

Wat beteken dit alles? Dit beteken dat die wat dink hulle bid tot VADER en nie die kleed ontvang het nie, sal uitgewerp word. Sy gebed is "n gruwel voor VADER. Ons moet besef dat die kleed "n uitkenning en "n beskerming simboliek het. In Open. 19:13 staan: *En Hy was bekleed met 'n kleed wat in bloed gedoop was, en Sy Naam is: Die Woord van ~~God~~ VADER. Open. 7:13 ...: Hulle wat bekleed is met die wit klere, wie is hulle en waarvandaan het hulle gekom? 7:14 ...: Dit is hulle wat uit die groot verdrukking kom, en hulle het hul klere gewas en hul klere wit gemaak in die bloed van die Lam.* Dus die wat voor VADER verskyn moet die beskermings kleed wat YAHUSHA daar vir ons gestel het dra.

Net tot verduideliking gaan ons gou terug na die ou slagoffer era:

*Lev. 3:1 En as 'n dankoffer sy offer is, as hy dit bring van beeste, bul of vers, moet hy dit sonder gebrek voor die aangesig van die ~~HERE~~ VADER bring. :2 En hy moet **sy hand op die kop van sy offer lê** en dit slag by die ingang van die tent van samekoms. En die seuns van Aäron, die priesters, moet **die bloed rondom teen die altaar uitgooi**. Matt. 23:18 En: Elkeen wat sweer by die altaar—dit is niks nie; maar elkeen wat sweer by **die gawe daar bo-op**, hy is gebonde. :20 Wie dan sweer by die altaar, sweer dáárby en by alles wat daarop is; Mat 23:21 en wie sweer by die tempel, sweer dáárby en by Hom wat daarin woon; :22 en wie sweer by die hemel, sweer by die troon van ~~God~~ VADER en by Hom wat daarop sit.*

Wanneer jy jou hand (hande) op die dier se kop laat lê gee of ontvang jy wat aan VADER behoort. Die dier behoort aan VADER en die dier se dood is "n versoening tussen jou en HOM. Die dood van die dier is inderwaarheid "n hartseer saak wat VADER daargestel het tot behoud en beskerming van SY uitverkore. Die bloed wat vloei van die dier mag nie gedrink of geëet word nie, want die siel is verbind aan die bloed. Die dier se siel is die versoening tussen jou en VADER.

Tot samevatting oor die offer het ons nou die altaar en die offergawe daar bo-op. Die altaar is VADER se troon en die Offer is YAHUSHA. YAHUSHA het Sy lewe gegee (deur VADER) en Sy bloed is uitgestort rondom die troon van VADER. Dus die uitkenning en beskerming kom deur YAHUSHA se bloed. Nie dat ons dadig was aan die storting van YAHUSHA se bloed nie, maar deur die Jode en Romeine is ons verontskuldig, daarom die "wit" kleed en nie rooi bevlek nie! Die wit kleed van uitkenning is ons bedekking en beskerming.

Ek haal ook net Hos. 14:2,3 aan wat staan: *Bekeer jou, Israel, tot die ~~HERE~~ VADER jou ~~God~~ SKEPPER, want jy het gestruikel deur jou ongeregtigheid. 14:3 Neem woorde (10 gebooie) met julle, en bekeer julle tot die ~~HERE~~ VADER; sê aan Hom: Vergeef alle ongeregtigheid, en neem aan wat goed is; dan sal ons as offerdiere ons lippe aanbied.*

Dus: Bekeer jou van jou ongeregtigheid en beklee jou met YAHUSHA; Leer die 10 gebooie; Smeek vergewing van al jou ongeregtigheid; Word nietig soos "n dier; Word nederig soos "n skaap voor sy skeerder. Loof en prys VADER, want HY is goed. In Ps. 119:176 lees ons: *Ek het gedwaal soos 'n verlore skaap; soek U kneg, want U gebooie vergeet ek nie. Jer. 50:17*

Ons as mens moet agterkom dat ons aan VADER behoort. Ons is geskape deur SY Seun (Mal.2:15) om deel te maak van SY "prinse". Ons moet leer om voor HOM te verskyn. Ons moet leer om te bid as individu en as volk.

Bedink dit my vriend.

Ns:

Hier is "n paar reëls oor "n gebed tot VADER nl.:

- 1) Ons moet "n begeerte hê na VADER met die wéét dat VADER die beste weet wat vir ons goed is en dat HY ons gebede sal beantwoord.
- 2) Ons moet weet dat HY dié almagtig is en sal toe tree tot ons beskerming indien ons opreg smeek daarvoor.
- 3) Ons moet Sy beloftes opsoek sodat ons daarop kan beroep, want ons is SYNE
- 4) Om met VADER te kan kommunikeer moet ons nederig voor HOM verskyn, SY WESE besef, SY orde respekteer en verstaan.
- 5) Besef "n gebed is "n handeling (optrede) wat doelgerig en spesifieke moet wees.
- 6) Gebed moet gesien word dat jy as die kind (kinderlik) "n versoek rig tot jou VADER m.a.w. "VADER-kind" verhouding.

Ons wat in VADER se opperheerskappy glo, kan "n gebed tot HOM rig, want ons beroep op SY Seun en in Sy woorde: "waar twee of drie in My Naam vergader, daar sal Ek wees in hul midde" (Matt. 18:20).

Ek sluit.

Berei jouself voor om voor VADER te verskyn. Soos baie geldeenhede waar daar aan iemand gedink word waar die voorganger vra dat die gehoor vir 3 min moet stil raak voor daar oorgegaan sal word om te bid. Ons moet onself reinig vir drie minute, drie ure of drie dae. Dit hang af van behoefte.

Matt. 6:6 Maar jy, wanneer jy bid, gaan in jou binnekamer, sluit jou deur en bid jou VADER wat in die verborgene is; en jou VADER wat in die verborgene sien, sal jou in die openbaar vergelde. Soos in Ex. 19:10,11 staan: *Verder het ~~die~~ HERE YHUUH aan Moses gesê: Gaan na die volk en ~~heilig~~ reinig hulle vandag en môre, en laat hulle hul klere was :11 en hulle gereed hou teen die derde dag. Want op die derde dag sal ~~die~~ HERE VADER voor die oë van die hele volk op die berg Sinai afdaal.*

Besef dat jou verteenwoordiger (boodskapper van YHUUH) saam met jou sal verskyn voor VADER. Dra die kleed wat die Bruidegom vir jou gee sodat VADER jou deur SY Seun kan aansien. Sonder die kleed kan jy nie voor VADER bestaan nie.

Onthou ons bid (spreek) direk tot VADER en nie tot SY Seun nie, want VADER verleen die seun aan ons as Bruidegom in die nuwe bestel. YAHUSHA sê duidelik: "Niemand kom tot die VADER behalwe deur My nie" Dus sal YAHUSHA niemand toelaat om tot VADER te kom om met HOM te spreek as Hy dit nie toelaat nie. Hy sê nie "Niemand kom tot My nie"

Mag VADER ons as volk (en individu) aansien deur SY Seun YAHUSHA.